



CP NASKOOL AKADEMIE

514 Kenmar Straat
Constantiapark

Tel: 082 463 9314
E-pos adres: admin@cpnaskool.co.za
Webtuiste: www.cpnaskool.co.za

ALGEMENE INLIGTING

Graag voorsien ons u van die volgende algemene inligting:

Naskool Ure:

- Die naskoolsentrum open 12:30 en sluit 17:30.
- Indien die ouer versuim om die kind by die naskool af te haal voor 17:30 op enige dag sal daar 'n boete ten bedrae van R50 per kwartier of gedeelte daarvan gehef word en sal onmiddellik betaalbaar wees. Indien u 'n krisis het, kontak ons asseblief vroegtydig. Ons verstaan dat daar soms 'n uitsondering op die reël is.
- Leerders sal stiptelik na skool by die skolierehekkie, reg agter die padpatrollie kruising in Lilkenstraat afgehaal word. Daar word van elke kind verwag om ordelik te wag en sy samewerking te gee as daar presensie geneem word. Kinders mag onder geen omstandighede eers na skool snoepie toe gaan nie. Hulle moet so gou as moontlik na die afhaalpunt gaan.

Vakansie:

- Die naskool sal vanaf 7:15 oop wees tydens vakansies en sal 17:30 sluit.
- Broodjies/Versnapperings sal 10:30 en 15:30 verskaf word en middagete soos per gewone skooldae.
- Die naskool sal gesluit wees op publieke vakansiedae en ook op die ekstra dae wat gewoonlik val oor 'n langnaweek waarop die skole sluit, sowel as Paasfees.
- Die skool sal elke Desember op die tweede Vrydag van Desember sluit.
- U sal in kennis gestel word as die skool op enige ander dag gesluit sal wees.

Naskool fooie:

- 'n Inskrywingsfooi van R200 per gesin sal vir nuwe aansoeke gehef word om u kind se plek by CP Naskool Akademie te verseker.
- Die naskoolfooie beloop R1 500 per kind per maand oor 12 maande ongeag siekte en vakansiedae. Die bedrag sluit vakansies in.
- Januarie 2021 se fooie is voor of op 5 Januarie 2021 betaalbaar.
- Maandelikse naskool fooie is streng vooruit betaalbaar voor of op die 4de van elke maand. Fooie is uitstaande tot 'n bewys van betaling ontvang is. Geen kontant word aanvaar nie, slegs Internet betalings en debietorders. **NB:** CP Naskool Akademie behou die reg voor om toegang van 'n leerder(s) te weier sou die naskool fooie nie betyds betaal word nie.
- Verhoging van skoolfooie geskied elke jaar aan die begin van die nuwe jaar en sal reeds in November met u gekommunikeer word.
- Sou u nie verder van die naskool gebruik maak nie, sal een maand skriftelike kennis benodig word.
- Indien u November maand kennis gee moet u nogsteeds Desember maand se fooie betaal.
- U kan nie in Oktober maand kennis gee om Desember maande se fooie vry te spring nie.
- Rekening navrae kan per e-pos gestuur word aan admin@cpnaskool.co.za en sal binne 48 uur beantwoord word.

Bankbesonderhede:

CP Naskool Akademie

ABSA

Takkode: 632005

Tjekrekening: 409 064 2296

E-pos asseblief bewys van betaling na admin@cpnaskool.co.za

Verandering van kontak besonderhede:

Alle telefoonnummers en adresveranderings moet skriftelik by die kantoor verander word.

Etes:

- Middagete word bedien direk na skool tot 14:00.
- Versnapperings word ongeveer 15:30 bedien.
- Enige voedsel allergie moet asseblief op skrif deurgegee word.
- Geen lekkernye en koeldrank sal in die klasse toegelaat word nie.
- Indien u kind nie die middag by die naskool gaan eet/of die naskool gaan bywoon nie sal u verwittiging waardeer word.

Buitemuurse aktiwiteite:

- CP Naskool Akademie is nie verantwoordelik vir die betaling van enige buitemuurse aktiwiteite nie.
- Deelname aan buitemuurse aktiwiteite geskied op eie risiko.
- U kind sal deur 'n verantwoordelike persoon Laerskool Constantiapark toe geneem en weer gehaal word sou hy/sy buitemuurse aktiwiteite daar moet bywoon.
- Die naskool kan nie waarborg dat al die huiswerk in die gegewe tyd voltooi en/of nagesien gaan wees na buitemuurse aktiwiteite nie. Beperk asseblief u kind se buitemuurse aktiwiteite om u kind maksimale studietyd te gun.

Siektes:

CP Naskool Akademie beskik oor 'n goed toegeruste siekeboeg waar die leerders na omgesien sal word. U sal telefonies gekontak word indien u kind siek word by die naskool. Stel ons asseblief so vining as moontlik in kennis as u kind 'n aansteeklike siekte het.

Medikasie:

Alle medikasie moet duidelik gemerk wees en vergesel word met 'n nota en u handtekening wat as toestemming sal dien vir die toediening van medikasie. Indien u kind ly aan 'n chroniese siekte of allergie moet die skool ingelig word.

Telefoonoproepe:

Beperk asseblief u oproepe tydens studietyd.

Dankie vir u samewerking.